Ned Geref Gemeente Lyttelton-Oos

FAMILIENUUS

Sondag, 9 Maart 2008

Webtuiste: www.lytteltonoos.org.za | Blog: www.lytteltonoos.org.za/blog

SONDAG 9 MAART

09:00 Erediens: Ds Freddie Schoeman
09:00 Kinderediensteenste
17:30 Jeugdiens (Kategese)
19:00 Mosaïek

MAANDAG 10 MAART

19:00 Droomspanbyeenkoms

SONDAG, 16 MAART

PALMSONDAG

09:00 Erediens: Ds Freddie Schoeman
09:00 Kinderediensteenste
17:00 Jeugdiens: Kategese
19:00 Mosaïek

Maandag, 17— Donderdag 20 Maart
Groot Lydensweek
Eredienste elke aand om 19:00

DONDERDAG, 20 MAART

Skole sluit

19:00 Erediens

VRYDAG, 21 MAART

Menseregtedag

Goeie Vrydag

SATERDAG, 22 MAART

22:30 Nagmaal
(Paaswaak)

(Aflegging van belydenis van geloof)

SONDAG, 23 MAART

PAASSONDAG

09:00 Erediens

MAANDAG, 24 MAART

Gesinsdag

WOENSDAG, 26 MAART

17:00 Biduur
19:00 KAF-vergadering

SONDAG, 30 MAART

Deurkollekte Motorwag

09:00 Erediens

NUWE INTREKKERS

Ons wil graag nuwe intrekkers ontmoet. Kom ons kry mekaar voor die kansel net na die diens vanoggend verby is.

VOORBIDDING

1. Adolf Crafford, Hans Strijdomlaan 182 (664-1568) van wie beide niere verwyder is en wag op 'n nieroorplanting (Wyk 093Aa).
3. Kobus en Elize Badenhorst, Van Riebeeckln 285 (664-5338) met Kobus se broer wat geopereer is (Wyk 03Ac).
4. Tommie en Jonada Smit, Deodarstr 155 (073 476 1256) met Jonada wat die afgelope week in die hospitaal was (Wyk 26Aa)

TANNIE JOEY JAMES

Tannie Joey is vanaf Vrydag 7 Maart in die eenheid vir verswakte bejaardes van die Heuwelsig Aftreeoord, kamer 12. Heuweloord is geleë in Cliftonlaan en vanaf Rivierweg se kant die tweede ingang van die kompleks.

Ons dink aan haar en bid haar sterkte toe met die verandering en glo dat sy met haar besondere geaardheid daar sal aanpas.

Daar is heeldag besoektyd behalwe etenstye middae vanaf 12 uur tot 1 uur en saans vanaf 5 uur tot 6 uur.

Haar selfoonnommer is: 084 356 0157

ONS SOEK …

Ou verjaarsdagkaartjies om te verwerk en nuwes te maak vir hergebruik in die gemeente.

Skakel asseblief vir Belinda Veldsman (076 554 8357).

Baie dankie vir u hulp.

LYDENSTYD

Ons is tans in Lydenstyd. Vandag is die vierde Sondag in Lydenstyd In hierdie jaar se Lydenstyd fokus ons op die droom wat die Here vir ons het: 'n lewe van liefde, vreugde en vrede—'n lewe wat vir ons moontl ik geword het met die lyding, kruisiging en opstanding van Jesus.

Ons volg in hierdie tyd in die voetspore van Jesus (10 Februarie). Terwyl ons agter Jesus aan loop, leer ons dat ons 'n Vader in die hemel het wat ons liefhet (17 Februarie), wat vir ons sorg (24 Februarie), wat ons elke dag nuwe moed en krag gee (2 Maart), wat ons heelmaak en nuutmaak (9 Maart) en wat ons roep en stuur as sy dissipels (16 Maart).

Die laaste week (16 Maart—23 Maart) is die week van gehoorsaamheid, die Groot Lydensweek. Elke aand is daar 'n erediens en Donderdag ons vier die instelling van die Nagmaal. Hierna sterf ons saam met Jesus (Goeie Vrydag), word ons saam met Hom begrawe (Stil Saterdag) en staan ons saam met Hom op (23 Maart).

Ons aanskou ook hoe 'n klompie jong gelowiges hulle geloof bely tydens 'n besondere middernagdiens 22-23 Maart—dit tyd van die opstanding!

Ons wil graag al ons lidmate uitnooi om hierdie midderagdiens by te woon en so die belydenisklaskatkisante in hierdie groot stap te ondersteun.

Gedurende Lydenstyd vas ons van iets wat normaalweg vir ons lekker en aangenaam is (byvoorbeeld soetgoed of TV!)—om daarmee met die lydende Christus te identifiseer.

Elke gelowige word uitgenooi om hierdie pad saam te loop ... op die voetspoor van die Leeu van Juda.

(Vir meer inligting oor die kerklike jaar, kyk op die internet by http://www.lytteltonoos.org.za/kerkjaar/index.htm).

VERJAARSDAE : 9 TOT 15 MAART 2008

03/09	CHARLOTTE	CRAFFORD	HANS STRIJDOMLN 182	664 1568	09Aa
03/10	MARIANA	STRYDOM	SMUTSLN 208	664 0288	08Aa
03/11	GERRIE	SNYMAN	SMUTSLN 236	664 2650	05Ab
03/13	ALWYN	BRUYNS	KRUGERLN 202.	664 3262	11Ab
03/13	PIERRE	VAN VUUREN	VAN RIEBEECKLN 158	664 2623	12Aa
03/13	JOHAN	OLIVIER	FLEURPARK WS 3	664 4317	06Aa
03/15	RIANDA	VENTER	HANS STRIJDOMLN 58	664 1192	18Ab

HUWELIKHERDENKING

WOENSDAG, 12 MAART

ANDRÉ EN MELANIE DE VILLIERS	DIANASTR 37	072 340 1670	26Aa

ID-NOMMERS

As u onseker is of u id-nommers op die databasis is, vul asseblief die onderstaande vorm in. Die id-nommers word genodig om lidmate by die argief te sentraliseer. (Dit is veral die kinders van wie ons nie id-nommers het nie).

OUERS: Vader: ……..

Moeder: ……..

KINDERS: 1. ……..

2. ……..

3. ……..

4. ……..

Dit sal waardeur word indien u hierdie inligting aan Max Amsenga kan deurgee by Krugerlaan 286 (664-3629) of u kan die strokie in 'n koevert in die kollektebordjie plaas. Baie dankie vir u samewerking. (Kinders se nommers vind u op hul geboorteregistrasievorm).

FEESBUNDEL 2008

PEILING

Ons het u samewerking nodig. Ten einde te verseker dat ons net genoeg feesbundels laat druk en nie later te min het, of met 'n oorskot sit nie, versoek ons vriendelik dat u die beskikbare vorm in die banke voltooi indien u belangstel.

Die voltooide vorm kan in die kollektebordjie geplaas word, asseblief.

Ontdek jou talente en sterkpunte

Elkeen van ons het unieke talente van die Here ontvang!

Ons kan dit in 'n doek toedraai en in die grond begrawe soos die man in die gelykenis, of ons kan dit ontwikkel en uitbou.

Wat is jou talente? Dit kan iets wees soos:

- **Die vermoë om goeie verhoudings met mense te bou**
- **Die vermoë om projekte aan die gang te kry**
- **Die vermoë om te organiseer**
- **Die vermoë om gedissiplineerd te fokus**
- **Die vermoë om mense te help om hulle potensiaal te bereik**
- **Die vermoë om met nuwe idees vorendag te kom**
- **Talle ander …**

Kyk na jou werkdag: is dit wat jy doen in lyn met jou talente of sterkpunte of is dit grootliks sleurwerk? As jy nie jou werk geniet nie is die kans goed dat jou pligte en verantwoordelikhede nie klop met jou talente en sterkpunte nie.

Indien jy jou talente wil ontdek en wil uitbou tot sterkpunte, kontak Freddie Schoeman

(Gebaseer op "Living you Strengths" - R180)

HERFSKONFERENSIE : SKUILKRANS-GEMEENTE

Saterdag, 17 Mei 2008

Meer inligting, uitnodigingskaartjies en plakkate word vroeg in Maart versend. Wat egter van belang is, is dat daar weer gevra word vir musse vir seemanne wat aan Biblia Hawesending gestuur sal word vir verspreiding onder seemanne asook beertjies wat aan getraumatiseerde kinders uit ons gemeentes gegee word. Patrone vir hierdie twee items is by Antoinette van Rensburg of Max Amsenga beskikbaar. Hierdie items kan saamgeneem word na die Herfskonferensie.

STRATEGIESE WERKSESSIE : JEUG EN JONGMENS-BEDIENING

SONDAG, 9 MAART 2008 : 10:30 tot 14:00

Die Jeugkommissie moet op versoek van die Kerkraad 'n bedieningstrategie formuleer om tydens die volgende vergadering voor te dra. 'n Werkswinkel (strategiese werksessie) om die omgewingsontleding te doen asook insette vir die strategie en voorgenome model te formaliseer vind tydens hierdie byeenkoms plaas. Al die mentors asook voorgenome mentors word versoek om die werkswinkel by te woon. 'n Middagete sal voorberei word wat ons gesamentlik DV gratis sal geniet. Bring asseblief eie drinkgoed saam.

Die model asook die aanbieding aan die kerkraad sal tydens die eerste Sondag (nadat die skole vir die tweede kwartaal 'n aanvang geneem het) tydens die geskeduleede Jeuigkommissievergadering 15:00 gefinaliseer word.

ROMMELVERKOPING : BYBELS VIR SWARTMENSE

Die rommelverkoping van 4 Maart 2008 het R2677 ingesamel.

'n Besondere woord van dank aan almal wat hulle Maandagoggend en sommige ook Dinsdagoggend opgeoffer het om te help met die poging.

Hierdie fondse word alles aangewend om die verkoop van hoofsaaklik Bybels in Afrikatale, wat normaalweg vir R38 by die Bybelgenootskap van SA aangekoop word, met R8 per Bybel te subsideer. Die Bybels by Boekwinkels is gewoonlik baie duurder.

Maak seker dat u huishulp/tuinwerker 'n Bybel van sy eie het.

Bybels is verkrygbaar by my of ek sal dit vir u bestel.

Dries van der Merwe

(012) 664-2469; of 083 271 5608

VEILIGHEID VAN MOTORS OP KERKTERREIN

Tydens ‘n byeenkoms in die Gemeentesentrum ‘n tyd gelede is ‘n motor gesteel.

ALLE instansies en kommissies en aksies van die kerk – m.a.w almal wat die gemeentesentrum gebruik, moet ASSEBLIEF binne die terrein parkeer. Daar moet ook reëlings met Simon getref word om die hek oop te maak en as almal binne is, dit weer toe te maak. Maak ook met hom reëlings wanneer u verwag om die terrein te verlaat sodat die hek weer oopgemaak kan word.

IN MEMORIAM – GESKIEDENIS

Daar was ’n versoek dat ons die name van lidmate wat gedurende 1998 tot 2008 oorlede is, in die geskiedenisboek plaas.

Ons het ongeveer 56 name wat ons op die databasis beskikbaar kon kry. Weens ruimte plaas ons dit nie weer nie maar u is welkom om ‘n lys by Max te kry.

Indien daar lidmate is wat nog inligting kan verskaf sal dit waardeer word indien hulle dit sal deurgee aan Max Amsenga by (012) 664-3629.

.

WERKSWINKEL VIR SENIOR BURGERS
PIERRE VAN RYNEVELD

Wanneer?	Woensdag 19 Maart
Tyd?	10:00 tot 13:00
Waaroor gaan dit?	Hoe beplan ek vir die dood? Begrafnisreëlings Boedel Testament ens
Koste?	R20 per persoon

Registreer asseblief so gou moontlik by die kerkkantoor.

Skakel Sampie by die kerkkantoor vir meer besonderhede.

Dalk is jy nog nie ’n senior burger nie, maar jy gaan net so welkom wees om dit by te woon.

KLUB IMMERGROEN OGGENDTEE

Saterdag 1 Maart 2008 was toe weer so ’n gebeurtenis. ’n Heerlike saamwees van ons lidmate en vriende wat reeds heelwat water in die see sien loop het.

Die komitee onder leiding van Gerty Basson was getrou aan die definisie wat prof Willem Landman aan hulle toegedig het, naamlik “keurig” in die hele aanbieding.

Ria van Wyk het die klaviernote laat saamwerk om ou bekende meesterstukke in herinnering te roep. Ds Martiens Swart het deur woord en pragtige sang ons almal laat besef dat die Heer steeds ons metgesel is in hierdie besondere seisoen van ons lewe.

Namens die gemeente, dankie vir elkeen se bydrae. Ons sien alweer uit na die volgende byeenkoms. Dit is mos ’n vorm van die gemeenskap van die gelowiges. Kom word deel daarvan!

Dries van der Merwe

ATTESTATE ONTVANG

VANAF HARTBEESPOORT:

Belydende lidmaat: Helena Aletta van der Walt
Dooplidmaat: Talja Kinnie Erasmus

Hulle woon in Smutslaan 288 (Wyk 03Ab)

VANAF VIERFONTEIN:

Belydende lidmaat: Elizma van Coller

Sy woon in Hans Strijdomln 208 (Wyk 09Ab)

Hartlik welkom by Lyttelton-Oos gemeente. Ons hoop julle sal baie gelukkig wees by ons en dat julle sal inskakel by die gemeente se aktiwiteite.